# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

Kersuitgawe 2025



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




**Baie Welkom** aan elke besoeker en nuwe lidmaat wat hierdie vakansietyd by Hoogland kom kuier of graag deel wil word van die Hoogland Geloofsfamilie!

Mag elke erediens vir u 'n kosbare en diep Goddelike ervaring wees.
As u pas in die gemeente ingetrek het, neem gerus 'n Nuwe Lidmate-koevert by Gemeentedienste by die Hoofingang of in die brosjurehouers. Kontak gerus ook vir Annalize in die Kerkkantoor ná 5 Januarie 2026, of besoek Hoogland se webblad en kyk onder EK WIL → Lidmaat word vir verdere inligting.

Hierdie uitgawe is ons laaste Hallo.Hoogland vir 2025.

Volg gerus die sosiale media platforms (Facebook en Instagram) vir belangrike nuus en opdaterings en maak seker u is deel van die Hoogland WhatsApp-groep by 079 815 9325.

ALLE eredienste sal oor die hele Feestyd steeds regstreeks uitgesaai word.

079 815 9325 | facebook.com/ pehoogland | #hooglandpe | PE Hoogland

## Program vir die dag

### 09:00 Oggenddiens: Nagmaal - Ds Sunell Ribbens

Hoogland Geloofsfamilie het vanoggend die voorreg om nagmaal te vier. Indien u as ouer reeds die gesprek met u kind(ers) gehad het is hulle welkom om dit saam met die res van die Geloofsfamilie te gebruik.

### 16:30 Buffelsfonteindiens: Nagmaal - Ds Sunell Ribbens

Regdeur hierdie jaar het Hoogland haar roeping: geloof wat deur liefde tot dade word, met toewyding uitgeleef. Met die afronding van die jaar se program, kyk Hoogland met dankbaarheid terug… en met opgewondenheid vorentoe. Hoogland sien baie uit na die nuwe geleenthede en saam-wees wat die 2026 Jaarprogram vir ons inhou.

*2026 Jaarprogramme is beskikbaar by Gemeentedienste of by die Kerkkantoor.*

## BAIE Dankie Hoogland…

… vir elke bydrae en bederfie wat ontvang is vir die Seisoen van Gee. As jy weet van iemand wat hierdie Kerstyd alleen is, kontak gerus die Kerkkantoor.

## Hoogland Koffie-Kuiers

Kom geniet steeds elke Sondag direk na die oggenddiens 'n lekker koppie tee/ koffie as geloofsfamilie saam in die Voorhuis.

(Daar sal nie 25 & 28 Desember en 4 Januarie koffie bedien word ná afloop van die eredienste nie.)

**SLEGS 1 DIENS**

**Kersdagdiens @ Hoogland**

**Donderdag 25 Desember om 09:00**

Dankoffers - MTR Smit Kinderoord

## Hoogland Dankoffers

Baie dankie vir u bydraes met dankoffers, dit het dit moontlik gemaak om Geloof deur liefde tot dade te leef.

Snap here to pay

SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

## Kerkkantoor : Feestyd

Die kerkkantoor is GESLUIT vanaf **Woensdag, 17 Desember 2025** en open weer **Maandag, 5 Januarie 2026.**
In 'n noodgeval kontak gerus vir Ds Sunell Ribbens.

## Doopkursus @ Hoogland

**5 - 26 Februarie**
**elke Donderdag om 18:00**

Indien ouers by Hoogland wil doop, of êrens van voorneme is om hul baba hier te kom doop, is 'n 4-weke doopkursus `n vereiste. Kontak gerus die Kerkkantoor.

## Verkiesing van Kerkraadslede

Die volgende lidmate is tydens die Kerkraadsvergadering van 27 November tot die kerkraad verkies:

Ouderlinge: Rita Erasmus, Albrecht Herholdt, Johann Muller, Reinette Strydom en Tommie van der Mescht

Diakens: Johann Bakkes, Leané Bonthuys, Estienne Cronjé, Albert Heunis, Richard Moore, Mirisa Naude en Werner Nel,

Voorsitter: Jacques van Niekerk

Ondervoorsitter: Ivan Ellis

As Geloofsfamilie bid Hoogland vir hulle, vir Goddelike leiding en insig in elke besluit. Mag elke bespreking altyd streef na die wil van God en daarmee saam mag Hoogland se Gemeenteleiers altyd Geloof deur liefde tot dade leef!
Baie seën vir elkeen van die wat gekies is.

## Geloof deur liefde tot dade … Noodspens

Hoogland se Noodspens is 'n plek van hoop wat met liefde help wanneer mense in nood kom aanklop. Met die feestyd wat naderkom, beleef die Noodspens egter groot druk. Hoogland wil graag steeds elkeen wat ondersteuning nodig het ruimhartig seën hierdie feestyd.
As jy dit op jou hart voel om te ondersteun sal dit baie waardeer word en ook sommer om 'n ekstra bederfie in te laai spesiaal vir 'n Kerspakkie. Jou bydrae kan iemand se feestyd beslis meer feestlik maak.

Die noodsaaklikse is steeds

- *Toiletware:* tandepasta / seep / sjampoe - maar 'n mooi waslappie hierdie keer sal baie help
- *Kos:* *White Star* kits mieliemeel pap / imana soya maalvleis pakkies / blikkies *baked beans*, vis (*tuna & pilchards), ens* / 2 min noedels / pasta / konfyt / suiker (250g) / grondboontjiebotter / rys (1kg) / koffie / tee / *samp & beans* pakkies ens.
- *Toebroodjies:* opgemaak in pakkies van 4 snye elk. Hierdie broodjies moet asseblief reeds verpak word in sakkies. Daar kan ook iets soos bv. polonie/ konfyt opgesit word.

Bring bydraes saam na enige erediens of kom gee af by die Kerkkantoor!

# Uit Hoogland se Kershart …



Hoogland se Kerswens aan elke geliefde in ons Geloofsfamilie:

Mag hierdie Kerstyd vir jou die gawe van stilte bring…

Stilte in die geroesemoes van 'n gejaagde dag…
Stilte om 'n etenstafel saam met geliefdes na 'n vol dag …
Stilte waar jy God se fluistering hoor tussen die golwe by die see…
Stilte langs die siekbed van iemand vir wie jy lief is…
Stilte rondom 'n vuur saam met jou hartsmense…
Stilte ná die uitbundige lag van 'n kleinkind oor 'n skerm en die wete dat God steeds, altyd, oral teenwoordig is…

Mag jy hierdie Kerstyd weer kom stil word by Sy krip en
iets van daardie heilige Stille Nag in jou eie hart beleef.
Mag 2026 vir jou 'n jaar wees vol heilige, rustige oomblikke —
oomblikke waarin ons onthou:
Ons krag lê daarin om stil te word… en te vertrou…

Geseënde Kersfees Hoogland
Pieter, Sunell en die hele Kerkkantoor

# Hoogland FEESTYD EREDIENSTE

Sondag, 7 Desember - 9:00 Oggenddiens
Sondag, 14 Desember - 9:00 Oggenddiens
Dinsdag, 16 Desember - Versoeningsdagboodskap
Sondag, 21 Desember - 9:00 Oggenddiens
**Donderdag, 25 Desember - 9:00 Kersdagdiens**
Sondag, 28 Desember - 9:00 Oggenddiens
Woensdag, 31 Desember - Oujaarsboodskap

Sondag, 4 Januarie 2026 - 9:00 Oggenddiens


Alle dienste word direk gebeeldsend

# Toewydingsweek 2026 @ Hoogland

**11-14 Januarie**
16:30 Buffelsfontein Kapel
18:30 Kerkgebou

Gebed


HOOGLAND
GEBEDSAKSIE
Het jy gebed nodig?
Laat weet gerus die Gebedsaksie...
Stuur enige gebedsversoek
vertroulik per WhatsApp na
079 815 9325.
WhatsApp gerus Gebed & jou Naam na
079 815 9325 as jy deel van die Gebedsaksie se WhatsApp
groep wil wees en so wil saam intree vir ander ...


HOOGLAND
HOSPITAALBEDIENING
Laat weet asseblief die Kerkkantoor
of vir Tommie Vermeulen of stuur 'n
WhatsApp na 079 815 9325 indien u of
'n naasbestaande in enige van die
stad se hospitale opgeneem sou
word.
Hulle besoek ook met liefde
NIE-Hoogland familie/vriende.
Die hospitaalspan wil graag met u
kontakmaak en kom besoek ...


HOOGLAND GVG
KORT HANDE
VIR 2026
Gesels gerus met ds Pieter / Leandra
as die Here jou roep tot
geloof deur liefde tot dade vir GVG!!!


SAVE THIS DATE
HOOGLAND
GEMEENTE -
KAMP 2026
20 - 22 Maart 2026
@ Innikloof